Heilbron
# Herald

IF IT IS NOT IN THE HEILBRON HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR.

WEEK 35 Deel 110
VRYDAG - 6 SEPTEMBER 2019

www.heilbronherald.co.za
R5-00 (BTW ingesluit)

# Heilbron sit op rioolbom



As daar nie vinnig en drasties iets gedoen word nie gaan daar 'n rioolbom in die gesigte van Ngwathe ontplof. Elandspruit word besmet met rou riool. Lugfoto's verklap die naakte waarheid (sien bl 2) en wys duidelik hoe die verstopte mangate en stukkende pype oorstroom word en die riool afloop in die spruit. Die probleem word nie aangespreek nie en volgens inligting is daar reeds 'n geruime tyd terug 'n versoek na die Hoof van Werke en Sanitasie, mnr Moketsi Phele op Parys gestuur. Die groot probleem lê by die verstopping van die hooftoevoerpyp. Inwoners van Sandersville sê dat die reuk ondraaglik is en geen aandag word gegee aan klagtes nie. Die hooflyn kruis die Sasolburgpad onder die brug waar Elandspruit deurvloei. Elandspruit vloei in die Renosterrivier wat in Koppiesdam inloop. Plaaslike amptenare het nie die nodige toerusting om die lyn reg te maak nie. Inwoners in President- en Steynstrate sê ook dat hulle nie meer met die reuk kan voortleef nie. "Ngwathe het nog die week tyd, anders gaan ek hulle dagvaar", was 'n briesende inwoner se stelling. Die Departement van Omgewingsake kom ook nie na die partytjie toe nie, na verskeie versoeke om hulle te kom vergewis van die situasie.

*So lyk die invloei van riool in die Elandspruit op Heilbron.*


# Heilbron sakeman sterf in motorongeluk

## *Sasolpad laat kinders wees*

Mnr Dawie Botha (62), sakeman van Heilbron is Maandagoggend omstreeks 03:45 opslag dood toe hy van agter in 'n laaigraaf vasgery het. Die ongeluk het sowat 15 km buite Heilbron op die Heilbron/Edenville pad gebeur. Volgens Botha se vrou, Jeannette wat agter hom gery het in die egpaar se ander bakkie, was hulle oppad Welkom toe om die bakkie waarin Dawie gery het af te gee by Botha se seun vir herstelwerk. Hulle sou daarna Bloemfontein toe ry vir 'n doktersafspraak. Jeannette het minute nadat die ongeluk gebeur het op die toneel afgekom. Dawie laat na sy vrou, twee seuns uit 'n vorige huwelik en vyf kleinkinders. Hy gaan veras word.

Twee kinders is wees gelaat toe hulle ouers, Francois (36) en Sylvia de Vos (38) van Henley-on-Klip naby Meyerton, Saterdagmiddag op die R57 (Heilbron/Sasolburg pad) verongeluk het. Francois wat die voertuig bestuur het, wou vermoedelik 'n ander voetuig verbygaan en het beheer oor die bakkie verloor, die pad verlaat en 'n boom getref. Paramedici het hulle op die toneel dood verklaar. Ook in die bakkie was hulle oudste kind, Jonathan (15) en sy vriendin, Catherine Myburgh (15) wat ernstig beseer is. Die egpaar se sesjarige kind, Chanté, was tydens die ongeluk by die kinders se peetouers, Yolanda de Vos en Clive Coetzer. Die twee De Vos kinders sal egter voortaan by hulle bly terwyl hulle drie van hulle eie kinders het om te versorg. Francois wou blykbaar masjinerie vir sy ingenieurswinkel gaan haal. Die graad nege leerling van Hoërskool Marais Viljoen in Alberton, Jonathan, word in 'n waakeenheid van die Netcare Unie-hospitaal in Alberton behandel. Hy is stabiel, maar het ernstige beserings aan sy bene opgedoen. Om by te dra tot 'n fonds wat Clive vir die De Vos kinders gestig het wat ondermeer vir Jonathan se mediese kostes gaan, kontak Clive Coetzer by 061 480 5712 of stuur e-pos na coetzer-clive@gmail.com. Catherine, ook graad nege vanaf dieselfde skool, is op 9 September na die Universitas-hospitaal in Bloemfontein oorgeplaas. Die dogter is onder verdowing en het beserings aan haar arm, milt en gesig opgedoen. Hoërskool Marais Viljoen dra die twee kinders aan die Here op met 'n boodskap wat op facebook geplaas is en vertrou vir spoedige herstel. Die presiese omstandighede rondom die voorval word nog ondersoek - die toestand van die pad maak die R57 lewensgevaarlik.






*Op die foto bo mnr Dawie Botha en links die ongelukstoneel.*

ULTIMO
(Langs Telwiedrè Voere)
Laerstraat • Heilbron
VEILINGSDATUMS
SATERDAG
28 September om 11:00
VRYDAG
11 Oktober om 11:00
Vir enige navrae of uit-die-hand verkope kontak
WOLTER 084 407 9394
*Implemente inskrywings is ook baie welkom.*

FRANKFORT VEILING
FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Elke Donderdag
te Royal Auction Centre
Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135
BKB Louwid Noord:
"Waar sake ELKE keer die EERSTE keer REG gedoen word!"
AFSLAERS: Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: 058 813 1071 Faks: 058 813 2317
E-pos: frankfort@bkblouwid.co.za
Reg. No. 2005/026173/07
NAVRAE:
Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za
BKB LOUWID



# Cruelty of woman and children




Woman from the Phiritona location came to the Heilbron Police Station to make a statement and point out the cruelty of woman and child abuse. On Monday 9 September, a group of protesters stood up to men and called for the reinstatement of the death penalty. Lettie Molete said: "We want the killing to stop". They expressed their fear, rage and pain in the wake of abuse and murder of several woman and children that happens on a daily occurrence.


# Riool bom ...



*Steyn- en Presidentstraat se rioollyn loop 'n stroom tot in die Elandspruit.*



*Die gedeelte agter Sandersville begraafplaas.*



*Leeuwstraat in Sandersville is al maande verstop. Die hooftoevoerlyn onder deur die brug by R57 is ook verstop.*

# Skenk bloed in Heilbron hierdie Lente

## *Donderdag 19 September 2019*
## *NG Suid Kerksaal*

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddiens (SANBS) nooi die gemeenskap van Heilbron om bloed te skenk op Donderdag 19 September by die NG Suid Kerksaal, Heilbron vanaf 13:00 – 18:30. Die doelwit vir die dag is om 70 eenhede bloed in te samel.

As gevolg van die skoolvakansie, sal die bloedskenk-kliniek op 'n Donderdag plaasvind.

September is tradisioneel 'n moeilike tydperk vir SANBS, weens die rekord-eksamens. Daar is dikwels nie genoeg bloedskenk-klinieke by maatskappye om die gapings van die afwesigheid van bloedskenk-klinieke by skole en tersiêre instellings te vul nie.

Die behoefte aan bloed neem ongelukkig nie af nie, en pasiënte benodig steeds ongeveer 3 000 eenhede bloed per dag. Vir elke dag wat hierdie doelwit nie bereik word nie, word die beskikbare voorraad uitgeput.

Om 'n bloedskenker te word moet jy:

- Tussen die ouderdom van 16-75 wees
- Meer as 50kg weeg
- Iets voor jou skenking eet
- 'n Veilige seksuele leefstyl lei
- Gesond wees op die dag van skenking

Alle bloedgroepe is baie belangrik vir ons, maar ons het spesifiek Groep O negatief nodig omdat hierdie bloedgroep verenigbaar is met al die ander bloedgroepe en is dus baie spesiaal vir ons en diegene wat 'n dringende behoefte aan bloed het.

Help ons asseblief om 'n bloedtekort te voorkom deur bloedskenking te ondersteun.

## Het jy geweet ?...

Waarom verloor die mens gehoor as ons gaap? Dit is te danke aan 'n spier in die oor wat die tensor tympani genoem word, wat aan die klein 'hamer' been geheg is wat geluid vanaf die trommelvlies uitdra. Die spier trek outomaties saam om ons gehoorsensitiwiteit te verminder in reaksie op 'n skielike harde geluid, dit trek ook saam terwyl ons kou, sodat ons nie deur die geluid van ons eie kaakspiere doof word nie. Die gaap behels ook kakebewegings wat die tensor tympani aanlok, maar 'n newe-effek is dat ons tydens 'n gaap nie kan hoor nie.

# Gereelde papsmere kan jou lewe red

• **Heilbron Kliniek**

**Wat is Servikale Kanker?**

Die Serviks is die onderste deel van die mond van die uterus (baarmoeder).

Kanker van die Serviks (ook bekend as Servikale Kanker) is een van die mees algemene kankers onder Suid-Afrikaanse vroue. Dit is 'n siekte wat genees kan word indien dit vroeg opgespoor en behandel word.

Risikofaktore vir Servikale Kanker:

- Jy laat nie gereeld Papsmere doen nie.
- Jy neem voor 15-jarige ouderdom deel aan geslagsomgang.
- Jy het vóór 18-jarige ouderdom mondelikse voorbehoedmiddels gebruik.
- Jy of jou maat het veelvuldige seksmaats.
- Jy het 'n seksueel oordraagbare infeksie gehad.
- Jy rook.
- Jy volg 'n ongesonde dieet met min vrugte en groente.

Wat kan jy doen om Servikale Kanker te voorkom:

- Laat gereeld 'n Papsmeer doen.
- Hou by een seksmaat.
- Gebruik 'n spermetode voorbehoedmiddel soos 'n kondoom.

**Wat is 'n Papsmeer?**

'n Papsmeer is eenvoudig, pynloos, vinnig en skadeloos en kan deur 'n geneesheer of verpleegster gedoen word. Daar word getoets vir abnormale selle by die opening van die serviks. Hierdie abnormale selle is nie kanker nie, maar as dit nie behandel word nie, kan dit in kankerselle ontwikkel.

Jy behoort 'n Papsmeer te laat doen as:

- Jy al ooit geslagsomgang gehad het.
- Jy ouer as 30 is.
- Jou laaste Papsmeer enigsins abnormaal was.
- Jou dokter of klinieksuster 'n Papsmeer aanbeveel.





# 'N SAD STORIE MET 'N HAPPY ENDING

**DEEL 2** *(Vervolg...)*



Omstreeks 15:00 op Saterdag 3 Julie, stuur sy vir my die laaste SMS: "Nou net uit Gobaaaabis." Hulle het daar gestop om diesel in te gooi. Frank het, getrou aan sy aard, om die Discovery geloop en alles moontlik geïnspekteer. Hy het gesien dat die linkeragterwiel effe pap lyk, dit laat pomp (dit was nie pap nie), en self na al die doppies van die wiele gekyk.

**VANAF GOBABIS NA OTJIWARONGO HET HULLE 'N GRONDPAD GEKIES:** So wyd en glad soos die N1 in die Republiek. Sig was goed, geen bosse naby die ryvlak nie. Almal het veiligheidsgordels gedra.

Hulle is verby Oshire, 'n vlugtelingskamp. Ongeveer 25 kilometer daarvandaan, hoor Frank dat die linkeragterwiel bars. Die agterkant van die Discovery swenk na links, hy korrigeer na regs. Die Discovery swenk regs, hy korrigeer na links. Hulle is teen 'n klip vas wat die Discovery laat rol. Hulle trek deur die lug en die Discovery bons op die linker voorkant. Daar waar Liena sit. Hulle land weer op die wiele.

Hy wag totdat die stof gaan lê sodat hy kan sien wat gebeur het. Hy hoor vir Allie huil. Liena is stil. Toe hy na haar kyk, weet hy. Sy's dood. Op slag. Hy wriemel sy lang lyf by die venster uit omdat hy nie die deur kon oopkry nie. Hy stap om na haar kant toe om haar pols te voel, net om seker te maak. Maar sy ondervinding as medikus sê dat dit te laat is. Dat dit vir altyd te laat sal wees.

Hy sê die oomblik toe hy aan haar vat, is dit asof Iemand vir hom sê: "Los haar nou. Ons vat haar verder. Jou werk is nou klaar."

Hy loop om na Allie se kant toe, en sien dat albei sy bene gebreek is. Allie is bleek van die pyn. Hy kan nie sy ma sien nie. Wat 'n groot stuk genade. Sy het massiewe breintrauma gehad. Hoe onthou 'n seun sy ma sò?

'n Motoris, ene mnr van Wyk, stop op die toneel en skakel die nooddienste. 'n Ambulans van Oshire daag op: 'n Verslete ou Land Cruiser met 'n matrassie agterop kom aangeskommel. Die personeel is nie van die mees professionele wat beskikbaar is nie. Die "suster" gryp 'n spuitnaald, trek iets uit 'n glasflessie op en wil dadelik vir Allie inspuit. Omdat Frank nie gesien het of die naald steriel is nie, vra hy haar om hom nie te spuit nie, omdat "hy vreeslik allergies is".

**HULLE PAK DIE TOG VAN ONGEVEER 100 KILOMETER AAN NA OTJIWARONGO SE HOSPITAAL.** Langs die pad bel Frank se ma, tannie Karen, om te hoor waar hulle nou is. Frank deel die nuus mee: "Ons het 'n ongeluk gemaak. Liena is dood."

Op Otjiwarongo word hulle in die hospitaal opgeneem waar Allie se bene tydelik gespalk word en Frank se wond toegewerk word. 'n Privaat ambulans word uitgeroep om hulle Windhoek toe te vervoer. Mits hulle eers R9500 kontant betaal. Kontant? In die middel van die nag?

Hier in my tuisdorp het ek so pas my badwater ingetap en uitgesien na die lekker slapie wat voorlê. Vakansie is my kos!

Omstreeks 20:20 hoor ek hoe iemand voor my deur stop. Ek skree uit die bad uit: "Wie's daar?" Ek hoor Amos antwoord: "Dis darem vreeslik donker op die stoep. Kom maak gou vir my die deur oop." Ek sê: "Wat's fout?" Onmiddellik dink ek aan my ma en pa. Nee, wat. Hulle is *orraait*. En toe voel ek die ysige vuis in my hart: LIENA!

**AMOS IS MY PRIESTER, SOOS WAT EK HOM NOEM.** Die gesant van die Here in ons dorp. Wat elke Sondag preek met die vuur van die Heilige Gees en die liefde van Jesus.

Amos sê boetie Jan het gebel. Frank-hulle was in 'n ongeluk en Liena is dood. Allie het sy bene gebreek. Frank het hulle ingelig dat hy nie beseer is nie. Die enigste wat ek kan onthou, is dat ek gesê het: "My sussie, my liefste sussie! Ek weet sy is in die hemel."

Ek bel dadelik vir Frank, tannie Karen antwoord. Hulle is oppad Windhoek toe. Ek bel een van my vriende, want hy sal weet hoe om te troos. Later bel ek weer, en Frank sê ek moet Windhoek toe kom.

Die vriend en Retha daag op, Abrie en Rita ook. Dankie tog vir mense wat omgee! Ek sms Liena se vriendin, Jaleen, om te sê ons maatjie is dood. En dit is hoe ek Liena onthou: Vandat sy uit die skool uit is, is ons die beste vriendinne. Ek kon haar in die middel van die nag bel, en sy het raad gehad. Saam het ons gegiggel in winkelkomplekse, en tantrums gegooi as die diens nie na wense was nie. Soveel so dat Frank ons nie saam iewers heen wou stuur nie: Hy kon na die tyd nie weer die mense in die oë kyk as ons oor iets gekerm het nie. Nou sal my sus en my beste vriendin nooit weer haar telefoon kan antwoord nie.

**EK GAAN SOEK DIE VIDEOKAMERA MET DIE KERSFEES-FAMILIEFEES DAAROP.** My vriend weet waar om al die drade in die TV te druk sodat haar rooikop die hele skerm vol is. Ek hoor haar lag, sien die sproete oor haar hele gesig. Merk op hoe sy skelm met Frank 'n grappie deel terwyl die res van ons lag vir die manewales van oupa en ouma se kleinkinders.

Ek het altyd gewonder wat ek sonder Liena sou maak? Met wie gaan ek simpel en laf kan wees? Saam met wie kan ek in grênd winkels loop en alles wat mooi is aanpas? Met wie sou ek nou my hartsgeheime kon deel? Maar iewers kry mens krag. Iewers van Bo af.

Sondagoggend vat vriende my Bothaville toe. Ma en Pa is platgeslaan. Jan en Marinda (sy vrou), en Natascha (hulle dogter, nou in matriek) is darem daar. Ek bespreek vir my 'n kaartjie Windhoek toe. My familie stem saam dat ek dadelik moet gaan. *...word vervolg...*

# KERKNUUS

**NG MOEDERGEMEENTE**
**Sondag:** 09:30 Erediens
Bevestiging van Kerkraadslede
Sin Kol: Wêreldsending / Kerkraadstee / Blok 3

**NG SUID**
**Sondag:** 09:30 Erediens
Sin Kol: Fonds vir Dowes (TOIBO) / Kategese afsluiting

**GEREFORMEERDE KERK**
**Sondae:** 09:30 Erediens
Katkisasie: Les 22 / Kol: Emeritaatsfonds
Diensbeurte: Wyk 3 & 4

**NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK**
H.v Stoffelnel- en Nicolstrate
**Sondae:** 10:30 Erediens / Kategese 10:00
Kontak Ds L.M Prinsloo 083 943 4561

**AGS PLEINSTRAAT 72**
**Sondae:** 10:00 Erediens
Biduur Woensdae 18:30, Vrydae 19:00 - Jeug
Kontakpersone: Past LB Deysel, Tel: 058 853 1016

**CHRISTUS GEMEENTE**
(H/v Right- & Gilbertstraat) - **Sondae:** 09:30 Erediens

**AP-KERK**
Tweedestraat, Vegkop-uitbr.
**Sondag** 10:00 Erediens (Heilbron)
VBO Les 24

**METHODIST CHURCH**
**Sunday**: Worship service 09:30 each Sunday.
Almal welkom / All welcome.
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

**GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA**
**Sondag** 10:00 Erediens - **Kontak MP Malindi 078 054 2862**

**EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE**
Hou eredienste op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

**EVANG. GEREF. KERK FRANKFORT (MARKSTR. 20)**
**Sondagoggend:** 10:00 Erediens
18:00 Aanddiens / Bidure: Woensdae 18:00
Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

**AGS PETRUS STEYN**
Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477
**Sondae:** 10:30 Erediens / **Woensdae:** 18:00 Biduur

**PENTECOSTAL CENTRE**
(Assemblies of God, Sandersville)
Sondag: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens / **Maandag:** 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur
**Woensdag**: Huissel, **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand
**Vrydag:** 18:00 Jeugaand, **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.
Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190
Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

**AGS KERK SANDERSVILLE**
**Sondae:** Oggenddiens 10:00. Maandag Huissel 06:00, Biduur Woensdag 06:00. Kontak P. van Staden

**CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE**
**Dinsdae:** 17:00 Jeugdienste & Oefeninge / **Woensdae:** 17:00 Gemeentediens & Biduur / **Sondae:** Heiligmaking om 10:30. Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.


**AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT**
Sondagskool 09:00 / Oggenddiens: 10:00
Biduur Dinsdae om 10:00 /Bybelstudie Donderdae om 10:00
Navrae: JC Smith 063 247 4774

**DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF**
Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe.
Navrae: Bel/SMS 079 833 3283
(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).

## Heilbron Herald — GEMEENSKAPSNUUS

**Op en Wakker Dienssentrum**
vir Bejaardes Reitz
*Program vir week*
**Maandag**
09:00 Kooroefening
**Dinsdag**
09:00 Bloeddrukke
**Woensdag**
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg
**Donderdag**
10:00 Sosiale program
**Vrydag**
09:00 Bybelstudie
**Kontakpersoon**
**Petro Pretorius**
**082 325 1322**

**Heilbron Dienssentrum**
*Breëstraat 57, Heilbron • Tel: 072 220 7272*
Bestuurder: S. Meades
**PROGRAM**
**MAANDAE:**
08:45 - Gimtrim
**DINSDAE:**
09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram
(Elke week iets anders)
**WOENSDAE:**
10:00 - Speletjies, Jukskei ensovoorts.
Elke week iets anders.
**DONDERDAE:**
17:00 Kooroefening
***Geen byeenkomste tydens skoolvakansies***



**RIEMLAND MUSEUM TYE**
**VRYDAE 09:00 - 13:00**
Vir enige navrae kontak
Quarta Pretorius 082 821 2410 of
Magdaleen van Rensburg
076 646 8576

**Biblioteek Tye**
**Piercestraat 66 • Heilbron**
Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week vir die publiek oop en die tye is as volg:
**MAANDAE TOT VRYDAE**
09:00 - 16:30
BIBLIOTEEK IS GESLUIT OP SATERDAE, SONDAE & OPENBARE VAKANSIEDAE.

*Die rus ingegaan*

† Gert Christiaan van Eeden is oorlede in die ouderdom van 69 op 8 September 2019. Sy kerkdiens en begrafnis vind plaas op Maandag, 16 September te Vegkop Terrein, Heilbron. Hy laat na sy kinders, familie en vriende.

† Dawie Hercules Botha is oorlede in die ouderdom van 63 op 9 September 2019. Daar gaan 'n stil verassing plaasvind en 'n diens sal later waargeneem word. Hy laat na eggenoot, kinders, kleinkinders, familie en vriende.



# Huis- & Tuinbouklub

Tuinbouvergadering was gehou 11 September 2019 om 10:00 by Marthie van Jaarsveld se Fraaihuis Kwekery. Louise van der Westhuizen, tuinbou bestuurslid, het die vergadering gereël terwyl Rian van Eden en die Hinterland span dit moontlik gemaak het en die dag geborg het. Chris Smit, die spreker van Efekto, verkoop die oplossing vir ons tuinpes probleme. Hierdie produkte is al op die mark vanaf 1973 en maak al vir meer as 40 jaar 'n verskil en verbetering in jou tuin. Verder is lede van die tuinbou besig gehou met Jan en Christie Lubbinge van die Varing Kwekery se kompos feite. Met 'n besigheid wat in 1984 begin het, verkoop Bark Unlimited Organics verskeie produkte wat plante beter laat groei. Jan en Christie het resepte oorgedra vir die beste kompos vir binne en buitenshuise plante. Daar is vertel dat mens geen varkmis, skaapmis en mensmis by jou kompos moet voeg nie en eerder organiese produkte soos Dennebas en saagsels moet gebruik. Hoender, bees en perdemis is aanvaarbaar vir jou mengsel. Die groep het dit vreeslik geniet en baie wenke geleer van potplante, beddings en organiese kompos en die 40 produkte wat Bark Unlimited bied.



*Op die foto: Louise van der Westhuizen (Tuinbou Bestuurslid), Christie Lubbinge (Bark Unlimited Organics), Chris Smit (Efekto), Riaan Habig (Hinterland), Dinkie van Rooyen (Tuinbou Lid), Daleen Els (Hinterland) en Marlene Momberg (Hinterland).*

# VL beklemtoon verantwoordbaarheid en stem in tot verstandhouding met Departement van Landbou

Verantwoordbaarheid. Dit is 'n opsomming van Francois Wilken, President van die Vrystaat Landbou (VL), se boodskap aan William Bulwane, LUR vir Landbou en Landelike Ontwikkeling in die Vrystaat, en sy afvaardiging.

Volgens Wilken is die belangrikste aspek van 'n verhouding tussen VL en Bulwane se departement om verantwoordbaar te wees. "As ons dit nie gaan regstel nie, kan ons maar net sowel huis toe gaan," het hy op 5 September 2019 by 'n vergadering tussen lede van die VL se Uitvoerende Bestuur en die department gesê.

Albei partye het op die vergadering, wat ook deur dr Tankisi Masiteng bygewoon is, ooreengekom om 'n memorandum van verstandhouding op te stel om 'n werksverhouding tussen hulle te struktureer. Masiteng is die Hoof van die Departement van Landbou en Landelike Ontwikkeling in die Vrystaat.

Wilken het daarop aangedring dat die vergadering nie net nóg 'n gepraat met geen tasbare resultate, soos soortgelyke vergaderings in die verlede, is nie. Tommie Esterhuyse, Vise-president van VL, het ook beklemtoon dat wedersydse vertroue nodig is om doeltreffend vorentoe te gaan en dat die department se leierskap deur voorbeeld moet lei. "Dan kan ons op die positiewe aspekte konsentreer om die sektor in die toekoms te inspireer," het hy gesê toe hy Bulwane vir die ontmoeting bedank het.

**Kwessies aangespreek**

Wilken het VL se standpunt oor die privaatbesit van grond benadruk en gesê deur nie volle titelaktes aan nuwe toetreders tot landbou, via gesubsidieerde bankkrediet, te gee nie, ook iets is wat opkomende landbouers terughou. Hy het die Departement van Landbou se veeartsdienste en die weermag geprys vir die voorkoming van die verspreiding van miltsiekte vanaf Lesotho na Suid-Afrika en het die nasionale Departement van Landbou gekritiseer oor die hantering van bek-en-klouseer, wat Suid-Afrika miljarde rande aan uitvoerinkomste gekos het.

Van die belangrikste kwessies wat deur VL geopper is, was onder meer landelike misdaad en veediefstal wat die volhoubaarheid van landbouers (groot, klein en bestaans) en plaaswerkers beïnvloed. Probleme by die Lesotho-grens, wat brandstigting, misdaad en die bedreiging van die verspreiding van aanmeldbare siektes weens onvoldoende polisiëring (mannekrag, voertuie, ondersoekkapasiteit en skutte) insluit, is ook uitgelig.

Die skokkende toestand en instandhouding van landelike paaie en die sluiting van landelike lisensiërings- en toetsstasies was ook op die agenda, asook die bedreiging van goedkeurings vir gas- en myn-prospektering en die departement se disfunksionele kantore in klein dorpies.

**Bulwane se pleidooi aan landbouers**

Bulwane het plaasmoorde en alle vorme van landelike misdaad veroordeel en erken dat die regering te veel in silo's werk. Hy het gesê hy sal spesifieke departementele kwessies na die regte partye en Lesotho-eweknieë herlei en het voorgestel om oor twee maande weer te vergader om die vordering te evalueer.

Hy het VL versoek om saam te werk om die bruto binnelandse produk van die provinsie te verhoog en erken dat landbou die enigste sektor is wat die ekonomie kan laat groei en meer werk kan skep. Bulwane het 'n pleidooi aan VL landbouers gerig om hul vaardighede te deel en nuwe toetreders tot landbou te help om hul voete te vind en toegang tot markte te kry om volhoubare, ekonomies lewensvatbare landbou-eenhede te hê.



*Die Uitvoerende Bestuur van Vrystaat Landbou (VL) het met die Departement van Landbou en Landelike Ontwikkeling in die Vrystaat vergader en ooreengekom om 'n memorandum van verstandhouding op te stel om 'n werksverhouding te struktureer. Van links agter is Tommie Esterhuyse, Vise-president van VL, Francois Wilken, President van VL, William Bulwane, LUR vir Landbou en Landelike Ontwikkeling in die Vrystaat, dr Tankisi Masiteng, Hoof van die Departement van Landbou en Landelike Ontwikkeling in die Vrystaat. Foto: Vrystaat Landbou*

# 'n Spesiale volmaan

## *Mikromaan*

Op 14 September 2019 het ons 'n spesiale volmaan. Mikromaan!

'n Mikromaan gebeur wanneer 'n volmaan of 'n nuwemaan saamval met "apogee" en die punt in die baan van die Maan, die verste van die aarde af is. Die maan wentel om die aarde op 'n elliptiese pad, wat beteken dat die een kant van die pad nader aan die aarde is as die ander kant. Die punt in die wentelbaan van die Maan naaste aan die Aarde word "perigee" genoem, terwyl die punt in die wentelbaan die verste van die aarde af bekend staan as "apogee".

Die gemiddelde afstand tussen die aarde en die maan is 382.500 kilometer. As 'n volmaan of 'n nuwemaan rondom apogee voorkom, word dit 'n mikromaan, minimaan of apogeemaan genoem.

'n Volle of nuwemaan wat voorkom rondom perigee staan bekend as 'n Supermaan.

Omdat 'n Mikromaan verder weg is, lyk dit ongeveer 14% kleiner as 'n Supermaan. Mikromaan beïnvloed ook die getye.

Die grootste verskil tussen hoog - en laagwater is rondom Volmaan en Nuwemaan. Tydens hierdie maanfases word die gravitasiekragte van die maan en die son saamgevoeg om die seewater in dieselfde rigting te trek. Hierdie getye staan bekend as lente getye of koning getye. Mikromane lei tot ongeveer 5 cm kleiner variasie as gewone springgetye, wat apogiese lente getye ge-noem word. Natuurramp-sneller?

Uit ou folklore-verslae word voorgestel dat volmaan en mikromaan die geestesgesondheid van die mens beïnvloed en natuurrampe teweegbring, soos aardbewings, maar geen wetenskaplike bewyse ondersteun so 'n verband nie.

Volmane word tradisioneel verbind met slaaploosheid, waansin en verskeie "magiese verskynsels" soos weerwolfwaansin.



*Tenders word hiermee aangevra vir die verkoop van ondergraad Weipoeier, Afgeroomde melkpoeier en Karringmelkpoeier verpak in 25kg sakke, onderhewig aan die volgende voorwaardes:*

1. Die tender periode sal strek vanaf 1 Oktober 2019 tot 30 September 2020.
2. Die tenders moet in rand en sent per sak uitgedruk word. Geen tender sal aanvaar word indien dit nie spesifiek 'n rand en sent bedrag bevat nie.
3. Produk sal voetstoots aan die suksesvolle tenderaar verkoop word.
4. Produk mag nie vir menslike gebruik aangewend word nie. Clover behou die reg voor om summier lewering te staak indien dit vasgestel word dat die produk vir menslike gebruik aangewend word.
5. Produk moet self deur die suksesvolle tenderaar by Clover se Heilbron fabriek afgehaal word.
6. Tenders sluit op 20 September 2019 om 16:00.
7. Die hoogste tender of enige tender sal nie noodwendig aanvaar word nie.
8. Die ooreenkoms wat met die suksesvolle tenderaar gesluit sal word is vir insae beskikbaar by Clover Heilbron.
9. Tenders moet in 'n verseëlde koevert gemerk "Tender Ondergraad Poeier" gerig word aan:

Die Bestuurder
Clover
Posbus 79
Heilbron, 9650

# Opedag by Kleuterkasteel



Sommiges was senuweeagtig en ander opgewonde. Op 11 September 2019 het ouers en kinders die Kleuterkasteel besoek en meer geleer oor die ontwikkeling van 'n kind.

Carina Potgieter was die spreker by hierdie geleentheid. Daar is 'n volledige leerplan bespreek, asook aktiwiteite, verrykende uitstappies, en klem is gelê op intellektuele, emosionele en fisiese ontwikkeling.

Die ouers is verwelkom met smulhappies en die kinders het dadelik gemaklik geraak en met ander maatjies begin speel. Die kleuterskool het 'n suksesvolle dag agter die rug en ouers en kinders het hulle besoek vanaf 10:00 tot 13:00. Die personeel kan nie wag om al die nuwe kleuters in die nuwe jaar te verwelkom nie en saam te leer, speel, lag en slim te word nie.



| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 8 | 5 | | | | | | |
| | 3 | | | | | 1 | 6 | |
| | | | | 6 | | | | |
| 5 | 6 | | 4 | | | | | |
| 3 | | | | | | 6 | 8 | |
| | 9 | | | 8 | 3 | 2 | | |
| 8 | | | 3 | 4 | | | | |
| | | 6 | 8 | 7 | 1 | 3 | 4 | 5 |
| 4 | | 3 | | | | 8 | 9 | |

**SUDOKU** - *Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.*

# Heilbron Martial Arts leerders presteer



*Die afgelope naweek het 5 leerlinge van Heilbron Martial Arts aan die Taekwondo Internasional South Africa Championship in Garsfontein deelgeneem. Die leerlinge het aan die volgende items deelgeneem, Traditional Forms, Creative Forms, Creative Weapon, Combat Weapon, Point stop Sparring, Continuous Sparring, Tag Team Sparring en Power Breaking. Die deelnemers het weereens uitstekend gevaar in al die items en behaal hulle die volgende medaljes, Chrizette Greef (3 x Goud, 2 x Silwer en 1 x Brons), Yonuscha Prinsloo (1 x Goud, 4 x Silver en 1 x Brons), Riekert Marx (3 x Goud, 1 x Silwer en 1 x Brons), Shandi Prinsloo (3 x Goud, 1 x Silwer en 1 x Brons) en Annebele Bester (3 x Goud en 1 x Silwer). Op die foto voor vl na regs: Chrizette Greef en Annebele Bester, Agter vl na regs: Riekert Marx, Yonuscha Prinsloo, Sabum Yolandi Prinsloo en Shandi Prinsloo.*








## GEKLASSIFISEERD
*Smalls*


**Die Heilbron Herald word uitgegee & gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**

- **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
- **John Watson** john@heilbron.co.za
- **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
- **Celéste** herald@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- **Delareyz** finance@heilbron.co.za (Rekenings, state ens.)
- **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za (Bestellings ens.)
- **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za (Koerant, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.**


***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

## WEERVOORSPELLING

| | | |
|---|---|---|
| Vr 13 Sept. | 7 / 25 | Sonnig |
| Sa 14 Sept. | 7 / 25 | Sonnig |
| So 15 Sept. | 9 / 28 | Sonnig |
| Ma 16 Sept. | 9 / 30 | Sonnig |
| Di 17 Sept. | 12 / 31 | Sonnig |
| Wo 18 Sept. | 13 / 31 | Sonnig |
| Do 19 Sept. | 14 / 30 | Gedeeltelik bewolk |
| Vr 20 Sept. | 12 / 30 | Gedeeltelik bewolk |
| Sa 21 Sept. | 12 / 29 | Sonnig |
| So 22 Sept. | 12 / 29 | Sonnig |
| Ma 23 Sept. | 12 / 29 | Sonnig |

## KENNISGEWING

### KENNISGEWING AAN DEBITEURE & KREDITEURE

In die boedel van wyle **JOHANNES GERHARDUS CLAASEN,** Identiteitsnommer 350925 5034 081, wat woonagtig was te plaas Petrus Rust, distrik Heilbron, provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 17 September 2018, boedelnommer 008797/2018.

Hiermee word kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof in Bloemfontein en by die kantoor van die Landdros in Heilbron, Vrystaat, vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae sal lê.

**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**
**BREËSTRAAT 33**
**POSBUS 199**
**HEILBRON, 9650**
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**

### KENNISGEWING AAN DEBITEURE & KREDITEURE

In die boedel van wyle **CORNELIA ALETTA MYBURGH,** Identiteitsnommer 301007 0005 083, weduwee wat woonagtig was te Huis Bron-van-Heil Bejaardesorg, Langmarkstraat, Uitbreiding 1, dorpsgebied Heilbron, provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 28 Junie 2019, boedelnommer 006146/2019.

Krediteure in genoemde boedel word hiermee aangesê om binne 'n tydperk van 30 (dertig) dae hul eise teen die boedel in te stel en debiteure word versoek om hul skulde binne genoemde tyd te betaal.

**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**
**BREËSTRAAT 33**
**POSBUS 199**
**HEILBRON, 9650**
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**

### ROLSTOEL PROJEK

Kom help ons om "bread tags" in te samel, vir elke 350 kg word 5 rolstoele geskenk aan behoeftiges. Daar is 'n houer in Herald Office National winkel. As almal saamwerk word dié 350kg gou-gou bereik.

### NOTICE OF LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the Late MARIA MAGDALENA ELIZABETH VAN DYK, Identity Number: 440115 0071 088, in life unmarried, living at Emily Hobhouse, district Koppies, 9540, Province Free State, Estate Number: 9083/2018.

Hereby notice, in accordance with Article 35(5) of Act 66 of 1965, that the First and Final Liquidation and Distribution account will be available for inspection for a period of 21 days from date of publication in the office of the Master of the High Court Bloemfontein and in Koppies Magistrate Court.

If no objections are lodged with the Master in the said period, the Executor will proceed to the payment in accordance with the said account.

**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHUCH STREET**
**P.O. BOX 205**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**

## TE HUUR

### HEILBRON ROLBALKLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Bespreek by Magda Bierman 083 292 1503**
G

*Order yours Today for only*
*R2 990*
*Including Vat & delivery in Heilbron, Frankfort, Petrus Steyn & Reitz.*
Econo Stationery Cabinet
1800 x 900 x 450 (4 Shelves)



**Special valid until 24 September 2019**
Contact Christelle or Delareyz
**44 Els Street • Heilbron • 9650**
**Tel: 058 852 3033**

## BETREKKING









## DIENSTE






### BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158**
**Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**

### VERFWERK

Ek doen die volgende in die dorp en op plase. Alle verfwerk, dak- en huis reparasies. Ek is dadelik beskikbaar om met die werk te begin. Ek het 25 jaar ondervinding en waarborg deeglike en professionele diens.
**Skakel my gerus vir bevredigende diens. Chris 073 362 4855 of 073 750 3775**
**K1696**

### JAAR-BEPLANNER

**SEPTEMBER**
*18 Huis- en Tuinbouklub vergadering*
**OKTOBER**
*12 SPAR-Gholfdag*
*23 Huis- en Tuinbouklub vergadering*

## TE KOOP

### TE KOOP

Vuurvegter te koop.
Prys R14 000-00
**Skakel 082 573 4921**
**K1695**

### VOER TE KOOP


Voer te koop.
**Kontak 083 688 8256**
**K**






### AANKOOP VAN SPEENKALWERS

Aankoop van alle speenkalwers.
**Kontak Jannie Bornman**
**072 287 4111 • Heilbron**



## EIENDOMME

### VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME


**Vir die beste transaksies en diens**
**Elsstr. 47 HEILBRON**
**Tel: 058 852 2041**
**Petro Meintjes - 083 308 9159**

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, skakel Silma kantoorure by 058 852 3033.






**AANDAG Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegtydig uit die weg te ruim.**




# Ervaring wen die Total en OK dag

Jy kan nie ervaring koop nie lui die spreekwoord en dit was spreekwoordelik ook die geval Saterdag tydens die Heilbron OK en Total dag. Oom John Mentz van Petrus Steyn, almal noem hom so, want hy is 'n oom van sewentig en iets, het die dag gewen met 40 punte. Tweede was Kobus Weilbach met 37 punte. Kobus is ook al deel van die SAGES bende. Wat dit interessant maak is dat hulle saam met 'n dame gespeel het en word vermoed dat hulle bitter bang was die skoner geslag wen die ou toppies.

OK/Total het soos gewoonlik weer gesorg vir uitstekende pryse en al die wenners is weg met koopbewyse by OK.

Die volgende borgdag word op 12 Oktober beplan en dit sal die jaarlikse Heilbron Spardag wees, 'n grote om na uit te sien. Die jaarlikse President@Kapteinsdag word op 26 Oktober beplan en spelers word aangemoedig om solank in te skryf vir die dag.

Met die Wêreldbeker wat volgende naweek afskop, beplan die bestuur ook 'n lekker saamkyk, meer inligting oor dit volgende naweek.

Môre is daar gewone gholf inskrywing vanaf 11:45 en afslaan is 12:15



*Bo: Wenners van die OK en Total dag Kobus Weilbach 37 punte(2de), Eben Stander 36 punte (3de) Gerrrie Muller 35 punte (3de) en Anzelle Lesch, wat namens OK die pryse aan die wenners oorhandig het.*





# HEILBRON JAGTERSNUUS

Twee splinternuwe juniorlede van die Riemland Jagtersvereniging Heilbron, RE Bronkhorst en Rikus Bronkhorst, het 5-7 September deelgeneem aan die Vrystaat Classic Silhouette Kampioenskappe. Hierdie kompetisie was in Sasolburg by die Steenbokskietbaan en albei boeties het onder 14 aan item 13 en 14 deelgeneem. Altesaam was daar 90 skote afgevuur met die .22 geweer. Kuikens op 70 meter, varke op 80 meter, kalkoene op 90 meter en ramme op 100 meter. RE het met twee goue medaljes weggestap en sy boetie, Rikus, het twee silwer medaljes huistoe gebring. Hier is twee nuwe lede wat die Jagtervereniging se junior skuts in rekening moet hou. Die skietklub wens die twee seuns geluk en kan nie wag om hulle by die jaarlikse Jeaugskietdag vir die eerste keer te verwelkom nie. Sien julle daar Saterdag, 14 September.



*RE Bronkhorst en Rikus Bronkhorst*








# KRANSFONTEIN RESIESDUIFKLUB

Op 7 September 2019 het Kransfontein Resiesduifklub vanaf Richmond gevlieg. Daar het 438 duiwe deelgeneem in die reis waar die duiwe 07:45 losgelaat was. Tydens die loslating was dit mooi weer. Die wenduif is deur FED Hokke geklok om 15:45 en die distansie was 589 km tot by die wenduif se hok. Die wenspoed is 1226.013 meters per minuut.

**Hier volg die uitslae:**

1ste - FED Hokke, 2de - FED Hokke, 3de - FED Hokke, 4de - Wolmarans Hokke, 5de - Wolmarans Hokke, 6de - Spartan Pigeons, 7de - Wolmarans Hokke, 8ste - Wolmarans Hokke, 9de - Fourie Hokke, 10de - Wolmarans Hokke.

# HEILBRON DUIWEKLUB

Die wedvlugte vanaf Cradock het 'n sterk noordooste wind van voor gehad. Nogtans is die 585km in 8 ure 20 minute afgelê. Dit was 'n moeilike wedvlug, maar die duiwe het baie goed teruggekom. Die eerste wedvlug is deur Zenith B gewen en die 2de deur Frikkie Spangenberg.

**CRADOCK OPE 1**

1. Zenith B, 2. F Viviers, 3. Crause & Seun, 4. F Viviers 5. F Viviers, 6. Zenith A, 7. F Viviers, 8. F Viviers, 9. F Viviers, 10. F Viviers.

**CADOCK OPE 2**

1. F Spangenberg, 2. F Viviers, 3. F Viviers, 4. Crause & Seun 5. F Viviers, 6. F Viviers, 7. F Spangenberg, 8. Zenith B, 9. Crause & Seun, 10. F Viviers.